



Die dag toe my Bybel pap geword het

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lank-lank gelede het predikante tydens huisbesoek die lidmate se Bybel gevra en daaruit gelees. Dit was om te sien of lidmate 'n Bybel besit en gebruik. By sommige huise het die predikant nog nie behoorlik sy sit gekry nie, dan kom een van die kinders met die Bybel, by ander huise moet die ma uitvoerige instruksies vir die kind gee om die Bybel op te spoor en af te stof. Vandag nog, lê die Bybel by sommige huise gereed vir gebruik.

Ek doen huisbesoek, jonk en onervare. Die lidmaat is in die Vloot en hy is met 'n Engelse dame getroud. Ek vra 'n Bybel, die vrou gaan soek. Later gaan die man ook soek, maar hulle kom onverrigtersake terug. Daar sit ek, entoesiastiese jong dominee, verleë, sonder my gereedskap, sonder 'n Bybel. Ek het die volgende oggend vir hulle 'n Bybel gaan aflewer, maar voor ek dit met die volgende huisbesoek kon gebruik, het die Vloot hom verplaas. Ek hoop hulle het darem daardie Bybel begin lees.

Dit is my eerste huisbesoek by 'n baie ou dame. Sy is vriendelik en interessant. Ek vra 'n Bybel en sy bring haar Bybel. Ek slaan dit oop en sien dit is Nederlands. Ek kan dit lees, maar as ek dit hardop lees, gaan sy lag en ons praat nou oor ernstige sake. Ek vra toe dat sy liewer die gedeelte lees. Daarna was dit die gebruik dat sy self Bybel lees tydens huisbesoek. Ek het later haar 60-jarige seun as volwassene gekatkiseer. Dit was 'n hoogtepunt.

Rekenaars was nog nie so volop nie. Die telefoon lui. Die Bybel is oop op my rekenaar se skerm, dit was nog voor Windows, toe net een program op 'n keer kon loop. 'n Prominente dame in die dorp, nie van ons gemeente nie, skakel en vra of ek haar kan help. Sy begin met 'n lang aanloop, maar ek hoor gou waarheen sy mik, en tik solank die soekwoord in. Sy wil weet waar staan iets in die Bybel. Toe sy klaar gepraat het, vra ek of sy 'n skryfding het en rits die tekste af. Die volgende vraag, dieselfde ding. Sy dink tot vandag toe ek het 'n baie besondere kennis van die Bybel. Ek het haar nog nie reggehelp nie, en gaan ook nie.

Vir huisbesoek het ek jare lank 'n klein formaat volledige Bybel in my motor saamgery. Dit was altyd daar en het baie huisbesoeksgesprekke ingelei en baie vrae beantwoord, maar toe kom die tyd dat my arms te kort word wanneer ek daaruit wil lees. Daarna het ek my Kindle saamgeneem, 'n mens kan sy lettergrootte stel en dit het 'n nuttige soekfunksie wanneer lidmate vra: *Dominee, waar staan...?*

Ek doen huisbesoek by lidmate en daar is 'n besoeker by hulle. Hy is een van daardie mense wat 'n stryd voer teen al wat kerk is, want almal is verkeerd en net hy verstaan die Bybel reg. Hy sien die geleentheid en begin gooi my met tekste, uit verband en sonder konteks, maar dit klink vir hom reg. Soms moet 'n mens vuur met vuur beveg. Gelukkig is hy breedspakig en dit gee kans dat ek vinnig in die Bybel op my Kindle soek en ek elke keer kon antwoord: *Maar daar staan ook geskrywe...* Soms ook uit verband, maar dit is al wat hy verstaan. Dit gaan soos 'n tenniswedstryd heen en weer. Toe, o wee, verskyn die boodskap dat die Kindle se battery pap is en ek dit moet afskakel. Ek skrik, gelukkig is my laaste teks 'n kishou en ek wen ses stroop.

Deesdae, met die Bybel op die selfoon, is die Bybel altyd byderhand. Sorg net dat die battery vol gelaai is...

Ds Thomas Joubert, Swellendam

Lief en leed

- Ons het verlede week berig dat **mnr George Gates**, eggenoot van mev Wilna Gates (voorsitter van die ADV), Maandagnag 16 Januarie oorlede is na 'n hartaanval. Sy **troosgeleentheid** vind plaas by Gemeente Krugersdorp-Wes, Rustenburgweg 111, Krugersdorp-Wes, op **Maandag 6 Februarie om 11:00**.
- Baie geluk aan ons gemeentekinders wat goed presteer het met die **Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen**. Ons het onder meer gehoor van **Taneli de Bruin**, dogter van ds Carel Johann en Janeke de Bruin, se vyf onderskeidings, en mev Mari-lizé en prof Johann Beukes se dogter, **Andrea Beukes**, se ses.
- **Die volgende predikante verjaar tot 3 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 26 Januarie: Di BM (Marita) Engelbrecht (51) (Komatipoort), RL (Richard) van der Westhuizen (58) (Tzaneen) en M (Marsulizé) van Niekerk (34) (Upington)
 - Vrydag 27 Januarie: Ds WE (Elmien) Snyman (55) (Sundra/Zesfontein)
 - Saterdag 28 Januarie: Ds S (Sanet) van der Walt (43) (beroepafwagting)
 - Sondag 29 Januarie: Prof J (Jaco) Beyers (52) (UP/Centurion-Oos), di L (Leon) Geel (jr) (33) (Midstream) en H (Heloïse) Herbst (54) (Rietvallei)
 - Woensdag 1 Februarie: Di JS (Fanie) Naudé (78) (emeritus/Greylingstad) en AM (Andries) Nel (66) (emeritus)
 - Vrydag 3 Februarie: Ds MH (Tinus) Mc Donald (63) (siekte-emeritaat)

Gemeentes en bediening

- Van 15 tot 18 Januarie het die **Kommissie van die AKV hul jaarlikse Bosberaad** gehou. Goed om die lede 'n keer so informeel te sien! Oudl André Pieterse was afwesig met verskoning. Die Kommissie het ter voorbereiding van die termyn se werksaamhede indringend gepraat oor die bou van vertroue, versterking van onderlinge geloofsbande, en dankbare diensbaarheid. Die Kommissie het die wens uitgespreek om by elke gemeente in ringsverband besoek te bring. Die boodskap is een van bemoediging en ondersteuning met die vraag: Hoe kan ons help?



- Neem asseblief kennis dat die e-posadres van **mnr Willie Manders**, kassier van Gemeente Lichtenburg en van die ring van Zeerust, verander het. Gebruik asseblief in die toekoms die volgende e-posadres: **williemanders44@gmail.com**.
- Ons vra groot verskoning dat **mej EJ (Daphne) Taljaard**, sekretariële beampte, skriba en kassier van Durban-Suid, se besonderhede in die nuwe Almanak so verkeerd aangedui is. Haar kontakbesonderhede is 082 879 9957 en **tabitubi9@gmail.com**.
- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE DELAREYVILLE**

Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie werkruimte te vul.

Gemeenteprofiel: Die gemeente was verlede jaar 100 jaar oud. Die sieletal is ongeveer 320, belydend 260, en die ouderdomsprofiel is 'n gemiddelde ouderdom van 50 jaar. Die

gemeente beskik oor 'n kerkgebou, saal en netjiese tuin. Verder beskik die gemeente oor 'n gerielike pastorie met boorgatwater. Die gemeente bestaan deels uit 'n boerdery en 'n dorpsgemeenskap.

Leraarprofiel: Die leraar se lewe moet getuig van 'n passievolle verhouding met God. Geesvervulde eredienste is vir die gemeente belangrik. Huis- en siekebesoek is ook nog vir die gemeente van belang.

Aansoeke sluit op 31 Januarie 2023 en moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die adminbeampte by nhkerk@lantic.net. Die kerkraad behou die reg, indien so besluit, om nie een van die aansoekers te beroep nie.

Vergaderings

- Vrydag 27 Januarie: Beleggingskomitee
- Dinsdag 31 Januarie: Amptelike opening Sinodale Dienssentrum
- Donderdag 2 Februarie: ADV Dagbestuur
- Vrydag 3 Februarie: Oudit- en Risikokomitee

Kerklieke publikasies

- **Mev Sarie Roux** van die **Sinodale Boekwinkel** is van 12 Januarie tot 3 Februarie nie beskikbaar om bestellings te verwerk en uit te stuur nie. Navrae kan intussen aan haar gestuur word, na boekwinkel@nhk.co.za.
- **Gemeente Randburg se Gedenkblad** vir die **75-jaar-herdenking (1947-2022)** is nou beskikbaar. Die Gedenkblad is 'n skatkis vol herinneringe en geskiedenis oor die afgelope 75 jaar heen uit die mond van mense wat hier is/was om die begin van alles te kon sien gebeur. Dit is opvallend hoeveel mense van letterlik reg oor die land en selfs oorsee met hierdie gemeente 'n besondere band gehad het. Heelwat lidmate vertel dat hul kinders hier gedoop is en dat dieselfde kinders teruggekom het om hier te trou en ook hul kinders hier te doop. Hierdie bundel is 'n samevatting van geskiedenis, staaltjies, statistieke en foto's waarmee ons aan die vorige en huidige lidmate iets wil teruggee vir hul bydrae om hierdie gemeente so 'n besondere plek te maak in almal se lewens. Die Gedenkblad is beskikbaar teen **R200 elk plus posgeld**. Kontak die administratiewe beampte, Elna van der Walt, by elna@nhk-randburg.co.za of 011 787 4983. **Bankbesonderhede:** Ned Herv Kerk Randburg; Nedbank Randburg; takkode 198405; rekeningnommer 198 425 1082.

Studentesake

- Die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** vind op **Woensdag 15 Februarie om 10:00** by **Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr Hein Delport**, en **dr Annelie Botha** sal 'n referaat lewer oor *Morele verwonding: Oorsake en verskillende vorme daarvan, vanuit 'n pastorale perspektief*. **Dr Thinus van Staden** lewer sy groeteboodskap as voorsitter van die Kuratorium. 'n Vingerete word na afloop van die verrigtinge in die saal bedien. Almal is welkom en belangstellendes wat die geleentheid wil bywoon, moet by Clarika Hattingh by clarikah@nhk.co.za bevestig.
- **NHKA Stellenbosch aanvangskamp:** Gemeente Stellenbosch nooi al die Hervormers wat in 2023 aan Stellenbosch Universiteit gaan studeer na ons aanvangskamp **Sondag 29 Januarie tot Woensdagoggend 1 Februarie 2023. Koste R300 per persoon**. Ons vertrek Sondag 14:00 van die kerkgebou af na die kampterrein ongeveer 10 km buite Stellenbosch. Vir meer besonderhede, kontak gerus vir dr Chris le Roux (079 495 3239 / cleroux@mweb.co.za) of Elizabeth Rossouw (+264 81 833 7022 – dit is 'n Namibiese nommer, maar sal werk vir WhatsApp). Gee asseblief hierdie inligting vir elkeen wat jy ken wat hier gaan kom studeer. Ons wil veral graag al die nuwe studente by die kamp leer ken, en julle sal dit baie geniet.

- **Philadelphia Afskopkamp**
Datums: 29 Januarie tot 2 Februarie 2023
Plek: Hartbeesfontein Voortrekkerplaas
Koste: R980 per persoon
Navrae: Dr Sanrie de Beer 083 226 1866 / Ds Martin Slabbert 082 655 4787
- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**
31 Januarie – 3 Februarie 2023
By Venterskroon-kampterrein
R1 200 per persoon
Vir meer inligting, skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710
Inligtingsvorm: <https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6>
- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na stellenbosch@nhk.co.za vir meer inligting.
- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na nhkphiladelphia@gmail.com vir meer inligting.

'n Gedig

as ek vannag
ná veertig jaar
in die Karoo
gespeen word van
dié lewe God
en aftree in U tuin

ek vra maar net
'n lappie lusern
en drie mowwe
as U iewers
'n droë plekkie het

Dolf van Niekerk
(22/02/1929 – 31/12/2022)
(Uit: *Karoosange*, 1975)

Toerusting

- Die **ATKV** bied verskeie **geestelike retraites** aan, by Buffelspoort en in die Kaap by Goudini Spa. Kontak ds Gys van Schoor by gysvs@iafrica.com vir meer inligting. Besprekings by 014 572 1000 of buffelspoort@atkv.org.za (Buffelspoort) en 023 349 8181 of konfgo@atkv.org.za (Goudini).

Allegaartjie

*Ek vergeet dikwels van my ouderdom wanneer ek besig raak. Ek glo in beweeg, ek kan nie stilsit nie. Jou liggaam en gees moet mos maar saamwerk. Nee, ek is dankbaar daarvoor. 'n Mens gaan voort asof niks gebeur het nie en dan op 'n dag – as jy 'n bietjie kortasem raak – besef jy, wag 'n bietjie ... ek is nou 90. (Dolf van Niekerk, *Die Burger*, 29 Februarie 2019)*

Barmhartigheid

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
Semiversorgend: R6 180
Verswakte bejaardes: R6 720
Woonstelle (selfversorgend)
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
Eenslaapkamer: R4 500
Tweeslaapkamer: R6 070
Kontak ons bestuurder vir enige navrae
Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 manager@belfastrusoord.co.za
- **Athalia Uitrek in Bloemfontein**
Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede
Enkel- en deerkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
Verblyf met 3 etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deerkamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
navrae@athalia.co.za
www.athalia.co.za
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuur aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
Eenslaapkamer: R515 000
1½-slaapkamer: R520 000
Tweeslaapkamer: R560 000
Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf nodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

Kommentaar

Na aanleiding van die storie oor Superman (voorbladteks, *Blitspos* 19 Januarie 2023): “Ds Hennie la Grange was predikant op Amanzimtoti. Hy loop in die gang af na die kansel en sy toga wapper agter hom. ’n Jong mannetjie skreeu hardop: *Superman!* Dit was komies voor die erediens...” (Theuns Taljaard, Bethal)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + *Blitspos*. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir ons land en ons leiers

Heer, toe blindes U gesmeek het om genade,
het U genade aan hulle betoon.

Ek smeeek U, wees ons nasie genadig.

Help ons om U ten volle te vertrou
en te gehoorsaam.

Gee vir ons leiers wat ons nie net na hul politiek sal lok nie,
maar ons na U sal lei.

Vader, vandag pleit ek soos Dawid in Psalm 17:

*Luister tog, Here, na my regverdige saak,
let op my hulpgeroep.*

Stort geregtigheid uit oor hierdie land.

Herstel wat gebreek is,
vul weer aan waar geplunder is,
en wys my wat my rol is in u doel met ons.

Ek bid dat ons leiers sal veg vir wat reg is.

Waak oor hul harte, gee hulle integriteit.

Help ons, Here!

tyndale.com/sites/readthearc

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)